


© Die Oratorium Uitgewery

# St. Gabrielo Possenti
## 27 Februarie

(1838-1862)

Ná 'n losbandige jeug en nadat hy ernstig siek geraak het en op sy siekbed God belowe het dat hy sy lewe aan Hom sou wy as hy gesond raak, vergeet hy van die gelofte toe hy weer genees is. Later word hy weer ernstig siek en belowe weereens aan God dat hy sy leefwyse sou verander. Dié keer slaag hy daarin toe hy gesond word om sy gelofte na te kom en sluit hy aan by die Passioniste waar hy die naam Br. Gabrielo van Onse Liewe Vrou van Smarte aanneem. Hy wy homself aan gebed en naastediens en hy doen baie vir die armes. Hy sterf op 24-jarige ouderdom aan tering.